Laerskool Louis Leipoldt 9 Januarie 2019

Akademiese Kwartaalprogram Graad 1 Kwartaal 1 (yskasbrief)

Liewe ouers

Volg asb die yskasbrief getrou. Indien dit verlore raak is dit ook beskikbaar op die skool se webbladsy by www.louisleipoldt.co.za Kyk asb elke dag in u kind se flipfile. Onthou asb die inligtingsaand Maandag 14 Januarie om 18:00 in die skoolsaal. Vanaf 9 tot 18 Januarie doen ons 'n oriënterings- en perseptuele program met die leerders.

Tema: Ek is spesiaal

Week1: 9 Januarie tot 11 Januarie

- ***Gr 1 atletiekuitdunne vind 10 Januarie om 8:00 plaas. Leerders neem in hul spankleure deel nl. Arende – rooi, Dolfyne – blou, Leeus – geel. Indien u kind in die finaal is, hardloop hy/sy weer 11 Januarie by die huissport; tyd sal deurgegee word. Res van graad 1 leerders bly 11 Januarie in hul klasse***.

Week2: 14 Januarie tot 18 Januarie

Assessering vind deurlopend plaas en leerders mag nie onnodig afwesig wees nie

- Tuiswerk: Leerders ontvang afgerolde tuiswerk met taal en wiskunde opdragte. Dit word in die flipfile huistoe gestuur. Merk asb die huiswerk en stuur dit elke Vrydag terug.
- Plak asb 'n foto van u kind op die gegewe papier in die flipfile, ons gaan dit in die klas opsit.
- Knip al die kartonklankies uit, skryf leerder se naam op elkeen en plaas in banksakkie.
- Ons leer o en oo klanke aan.
- Lees: Ons lees woord en sinskaarte in die klas, asook –Leeskaarte 1, 2 en 3.
- Telrympie 1 tot 10 word aangeleer.
- Tel van 0 tot 10 en terug.
- Doen hoofrekene en werk op getallelyn.
- Links, regs, bo, onder word ingeoefen.
- ***Maak asb seker dat u kind u adres, telefoonnommer, sy/haar verjaardag en ouderdom ken. Vul asb die werkvel wat huistoe gaan saam met u kind in. u kind kan nog nie lees of skryf nie en moet dit uit hul kop ken, stuur asb weer terug. Hierdie opdrag word geassesseer.***
- Rympies: Ek het een kop en Two little hands word klassikaal aangeleer.
- ***Kuns: Teken self-met pastelle. Opdrag word op A3 papier in die klas gedoen en word geassesseer. Spasie op die papier moet reg benut word. Kop, nek, skouers, lyf, arms met hande en bene met voete moet op die regte plek wees. Leerder moet reeds weet waar betrokke liggaamsdele kom. Stokmannetjies mag nie geteken word nie en inkleurwerk moet netjies en korrek wees.***

Week 3: 21 Januarie tot 25 Januarie

- Tuiswerk: Doen asb elke dag se taal en wiskunde werkvel, merk en stuur Vrydag terug.
- S klank word aangeleer- bou woorde : os, oos, so, soos.
- Lees: klassikaal – Woord- en sinskaarte en Leeskaarte 4,5,6 en 7.
- Praat asb by die huis – Waarom is ek spesiaal? Leerders gee terugvoer in klas .
- Getal 2 word ingeoefen. Hoofrekene word gedoen. Rangtelwoorde – eerste, tweede. Getalname Meting – nie standaardmates (ons meet met hande, voete, vingers, ens)
- Engels: Aksiewoorde en rympies word aangeleer.
- Kuns: Teken'n krabbel in werkboek, voltooi met herhalingspatroon.

Ons wil net die volgende reëlings bevestig rondom die snoepie.

Gr 1 U en V - Dinsdae
Gr 1 W en X- Woensdae
Gr 1 Y en Z - Donderdae

Beperk ook asb die aankope tot `n maksimum van R30 indien die kind kos ook koop en R15 vir lekkergoed alleen. Indien u ook die kind van kleiner geld kan voorsien, sal dit die snoepie tannie baie help. Sommige kinders kom met R200 en dit veroorsaak `n kleingeldprobleem.

Groete Graad een personeel